Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 03 – JANUARIE 2020

Geagte ouers

PERSONEEL:
Juffrou Hettie Smith is geopereer en ons wens haar alle sterkte toe. Mnr Pieter van Zyl neem waar as Hoof in haar plek tot sy terugkeer op 17 Februarie.
Baie geluk aan Me Sonja van Rooyen wat op 29 Januarie, en Me. Hannie Bloem wat op 31 Januarie verjaar.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2020:

28 Januarie	12:00: Waatlemoenfees – leerders betaal R20 18:00: Gr 7 Inligtingsaand (saal) Atletiek: Wyksbyeenkoms (Gewigstoot en spiesgooi)
29 Januarie	Atletiek: Wyksbyeenkoms Sokker O/11 proewe
30 Januarie	Atletiek: Voorpos-byeenkoms by Voorpos
31 Januarie	Leierspanbou
1 Februarie	Atletiek: Top 10 by Hoërskool Waterkloof
3 Februarie	Atletiek: Cluster-byeenkoms by Hoërskool Tuine
4 Februarie	Atletiek: Cluster-byeenkoms by Hoërskool Tuine
5 Februarie	Redenaars: Intern graad 1 – 3 (Afrikaans) Skaak: oefening begin (14:15)
6 Februarie	Redenaars: Intern graad 4 – 5 (Afrikaans)
7 Februarie	Leerstof aan leerders
10 Februarie	Redenaars: Intern graad 6 – 7 (Afrikaans) Tennis: Liga 3
11 Februarie	Elevate kursus graad 4 (Studiemetodes)
12 Februarie	Atletiek: Distriks-byeenkoms by Hoërskool Tuine
14 Februarie	Valentynsdag: Trek rooi & wit aan Graad 7 Sokkie in saal
18 Februarie	Netbal: Oefening begin Rugby: Oefening begin
19 Februarie	Atletiek: Erefunksie
21 Februarie	Wolliesprojek. Leerders trek gewone klere aan en bring donasies (geld/kos) vir Wollies
23 Februarie	Verjaar: Juffrou Hettie Smith
24 Februarie	Bulletjierugby: Oefening begin
25 Februarie	**Vraestel: Geskiedenis**
27 Februarie	**Vraestel: NW & NW/TEG** Rugby & Netbal: Brits (Tuis)
28 Februarie	Foto's: Individueel & klas
3 Maart	**Vraestel: Afrikaans** O/12 en O/13 Netbal Distriksproewe Rugby: Johan Duursema Aandreeks
4 Maart	Skaak: Cluster-byeenskoms by Hoërskool Tuine
5 Maart	**Vraestel: Tegnologie** Skaak: Cluster-byeenskoms by Hoërskool Tuine

	Rugby: Johan Duursema Aandreeks
6 Maart	Skaak: Cluster-byeenskoms by Hoërskool Tuine Netbaltoer: O/13 by Sun City – 8 Maart
7 Maart	Skaak: Cluster-byeenskoms by Hoërskool Tuine Rugby: O/13A Midstream Dag Rugby: Elandskraal (Weg) GRAAD R OPEDAG 09:00
10 Maart	**Vraestel: Engels** Redenaars: ATKV 1ste uitdunne Netbal: Laerskool Wonderboom (Tuis)
12 Maart	**Vraestel: Geografie** Rugby & Netbal: Villieria (Weg)
13 Maart	Leierspanbou (atlete verskoon) Provinsiale Atletiek by Ruimsig
14 Maart	Provinsiale Atletiek by Ruimsig Bulletjierugby: Liga 1
16 Maart	Tennis: Liga 8
17 Maart	**Vraestel: Wiskunde** Netbal: Curro Roodeplaat (Tuis)
18 Maart	**Graad R - 3 rapporte aan leerders**
19 Maart	GF: Oueraand Gr R – 3
20 Maart	Skool sluit. Leerders betaal R5 of meer vir die behoeftige fonds. Markdag: Gr 5

DANIE MALAN UITNODIGING BYEENKOMS – 21 JANUARIE

Baie geluk aan al ons atlete wat puik presteer het, daar was 8 skole waarvan Danie Malan die algehele wenner was. Die volgende atlete het almal medaljes ontvang:

• SP Els	• Arustha van Eck
• John de Klerk	• Natalie Moreland
• Anel Klopper	• Mapalo Mulenga
• Mia Botha	• Lesedi Mamabola
• Linei Conradi	• Leila de Klerk
• Jessica Potgieter	• Christiaan Brits
• Kaylen Niemann	• Simone de Koker
• Lenize Trollip	• Leana Bezuidenhout
• Alecia Venter	• Milane Hatting
• Chrishelle Nieuwoudt	• Toni Ferreira
• Altje Conradi	• Junior Bokwa
• Demi Els	• Shane Koekemoer
• Michaela Campher	• Zaylin Yssel
• Johane Heynecke	• Henco van der Merwe
• Marcel Brits	• Liam Vorster
• Charlene Slabbert	• Ore Sefiri
• Princess Solarin	• Angelique Field
• Kagiso Letso	• Tino Chikari
• Rudian Oosthuizen	• Rohan Louw
• Jasmine Riley	• Juane de Wet
• Meleni Wilkonson	• Elmarie Fourie
• Danique Viljoen	• Divan du Preez
• Danielle Bierman	• Rene Thessner
• C Wurth	• Dieter Coetzee

Baie geluk aan elkeen van julle ons is baie trots op julle!

SUB-CLUSTER (Wyk) - 29 JANUARIE 2020: TOESKOUERS:

Die Wyksbyeenkoms vind plaas op die 29ste Januarie te Hoërskool Gerrit Maritz. Slegs 300 leerders mag die atlete vergesel, dus is daar beperkte spasie. Die eerste 300 leerders wat R30.00 betaal kan na Gerrit Maritz gaan. Die

R30.00 sluit in busgeld en props wat leerders mag hou. Die res van die leerlinge bly by die skool en daar sal toesig vir die leerders gereël word. Die Gr 1 - 3 wat nie atlete is nie, gaan 29 Januarie nie saam na die Wyksbyeenkoms nie. Die Graad 1 - 3 leerlinge gaan normaalweg na die skool kom in hul skooldrag, met hul skooltasse. Die Graad 4 - 7 leerlinge wat nie atlete is nie, moet nie later as 07:25 by die skool wees, netjies geklee in hul **VRYDAGDRAG**. Ons sal met busse vanaf die skool vertrek na Hoërskool Gerrit Maritz en weer om 14:00 terug wees by die skool. Voltooi asseblief die afskeurstrokie, aangesien leerlinge slegs op die bus toegelaat sal word, indien hul 'n toestemmingsbrief het. Geen tasse is nodig vir toeskouers nie. Leerders kan wel 'n klein sak saamneem, om hul beursies, en of kosblikke in te bêre. Daar sal 'n R5 hektoegang gevra word vir volwassenes en sluit 'n program in. INDIEN DIT REëN SKUIF DIE WYKSBYEENKOMS. ONS SAL U PER SMS LAAT WEET INDIEN NODIG.

REDENAARS 2020 TEMAS

Die temas vir 2020 is as volg:

Graad 1 – 3	**Graad 4 – 5**	**Graad 6 - 7**
kaalvoet	letters	toekoms
wonder	voetspore	lief hê
fees	voel	afronding

Uit die tema moet 'n onderwerp geformuleer word wat 'n standpunt bevat. Die standpunt moet aan die hand van die argumente en bronne beredeneer word. Met ander woord 'n beredeneerde toespraak. Leerders sal in graadverband uitgedun word.

Hier volg 'n paar wenke oor die saamstel van die oorredingstoespraak:

Tipes oorredingstoesprake:

- Toespraak oor 'n feit (poog om te bewys dat iets so is of nie)
- Toespraak om waarde te bewys (poog om te bewys dat iets beter of slegter is)
- Beleidstoespraak (poog om te bewys dat iets gedoen of nie gedoen moet word nie)

Die oorredingstoespraak is nie 'n inligtingstoespraak nie!

- Nie die oordra van kennis nie
- Jy moet die gehoor oortuig

Wat verwag ons van die oorredingstoespraak?

- Aktuele onderwerpe
- Onderwerp wat beredeneer kan word
- Spreker moet self oortuig wees van die standpunt
- Die spreker moet bewyse (bronne) gebruik om sy redenasie te versterk
- Die spreker se eie mening moet duidelik deurkom

Erken alle bronne

- Tydskrifte en koerante (artikel, radio, TV, skrywer, datum)
- Boeke (titel en skrywer)
- Persoonlike ervarings
- Internet – webadres en skrywer
- Sê waarom jou bron gesaghebbend is

Hoe lyk 'n oorredingstoespraak

- Inleiding (wat almal laat regop sit, wees kreatief)
- Hoofdeel: (2 - 4 argumente (redes) met bewyse
- Slot ('n opsomming/ samevatting van die argumente, wees kreatief)

Kaartjies

- Ongeveer A5-grootte
- Nommer die kaartjies
- Hanteer met een hand

Tydsduur

- Graad 1 - 4 – Minimum twee minute en maksimum vier minute
- Graad 5 - 7 – Minimum vier minute en maksimum van vyf minute

Die leerder se taal en idees

- Onthou die gehoor wil hoor wat die leerder sê en nie die ouer nie
- Die leerder se taal en idees moet by sy ouderdom pas
- 'n Volwassene mag die leerder help om idees te orden

Beoordelaarstaat:

ORGANISASIE: Inleiding: Is doel bereik, treffend, effektief, kreatief	/ 5
SLOT: Trefkrag, gepaste samevatting	/5
STRUKTUUR: Logiese ordening en opbou van inhoud	/10
INHOUD: Ondersteunende materiaal, bronverwysings, relevant, kwaliteit van voorbeelde, statistiek, deskundige uitsprake, analogieë	/10
AARD VAN INHOUD: Genoegsaam en oorspronklik	/10
LOGIESE REDENERING: Vanaf navorsing na standpunt, balans	/10
OORREDENDE AANBIEDING: Houding, voorkoms, selfvertroue, oortuiging	/5
NATUURLIKE GESELSTYL: Gesigsuitdrukkings en gebare	/10
STEM EN SPRAAK: Hoorbaar, duidelik, verstaanbaar en natuurlik	/10

OOGKONTAK EN NOTAHANTERING	/5
TAALGEBRUIK: Woordkeuse	/5
SKEPPENDE TAALGEBRUIK	/5
IS DIE BEOORDELAAR OORREED?	/5
BEïNDRUK DIE SPREKER DIE BEOORDELAAR EN DIE GEHOOR?	/5
TOTAAL UIT 100:	

HERWINNING

Ons versoek hiermee dat daar vir die oomblik geen koerant papier, tydskrifte, gekleurde papier(Common mix paper) na die skool toe gestuur word nie. Die groot handelaars vat dit nie op die oomblik nie en die mark is propvol. U kan dit stoor by u huis en wanneer die mark weer reg is kan u dit weer inhandig by die skool.
As die " common mix paper " skool toe kom gaan dit net in die asblik beland en weg gegooi word.
Wanneer u Herwinning op grootmaat skooltoe stuur of bring moet daar asseblief net eers met die skool gereël word.
Let wel dat wit papier en karton steeds herwin sal word.

MIDDELAFSTAND-OEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis middelafstand-oefening by **Hoërskool Pretoria-Noord** van 17:00 – 18:00. Skakel asb. die afrigter Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting. Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 'n gratis "Parkrun" van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir 'n "parkrun" en neem u hele gesin vir so 'n uitstappie op 'n Saterdag.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR 2020

Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

Groete

Hettie Smith

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 3/2020

Graad 4 - 7 toeskouers met Wyk:

Hiermee gee ek toestemming dat my kind _____in graad ____/ _____ met die bus vervoer mag word na Gerrit Maritz Hoërskool vir die Sub-Cluster (Wyksbyeenkoms) op 29 Januarie.

R30 is elektronies oorbetaal. JA / NEE (Bewys aangeheg)

Ouer/voog handtekening: _____

Selnr. _____

The NANNY's

Nursery- & After school
Kleuter- & Naskool
Transfer-Studio

Tel.: 012 546 1543
Email.: gawiesza@yahoo.com
Burgerstreet 320, Pretoria-North
Burgerstraat 320, Pretoria-Noord

Free Registration / Gratis Registrasie

No Increase / GEEN Verhoging - 2020

No Extra Costs / GEEN Ekstra Kostes

!!VRYWILLIGERS BENODIG!!

!!VOLUNTEERS NEEDED!!

Ons nooi elke ouer van Laerskool Danie Malan uit om te kom help met ons broodjie projek.

We would like to invite each parent of Danie Malan Primary school to volunteer for our sandwich project.

Dit behels die koop, smeer en verpak van +/- 40 broodjies een keer 'n maand vir ons minder bevoorregte maats van die skool.

The project consists of buying, spreading and packing of +/- 40 sandwiches for our under privileged children at school.

Raak asseblief BETROKKE dis vir ons maats.

Please get INVOLVED it is for a good cause.

Kom in kontak met ons broodjie mamma Altje by 082 372 7093 indien u betrokke wil raak.

Please contact our sandwich mommy Altje at 082 372 7093 if u would like to get involved.

Projekte | Projects

Blikkies | Tins

60 Blikkies | Tins = 1Kg
30 Blikkies | Tins = 0,5Kg

2L Plastiek bottels |
2L Plastic bottles

20x2L Bottels =1Kg
20x2L Bottles =1Kg

500ml Plastiek bottels |
500ml Plastic Bottels

38x500ml Bottels =1Kg
38x500ml Bottles =1Kg

Alle blikkies en bottels moet plat gemaak word voordat dit in gehandig word |
All tins and bottles must be flattened before handing them in

Die Omgewing:

Ons moedig die gemeenskap aan om te herwin.
Die gemeenskap / publiek kan by die skool herwinbare produkte aflos.

The Area:

We encourage the community to recycle.
The Community / Public will also be able to dispose of their recyclables at school

Wat kan deur die publiek herwin word ? | What can be recycled by the public ?

Plastiek sakke |
Plastic bags

Plastiek bottels |
Plastic bottles

Bokse |
Boxes

Papier |
Paper

Blikkies |
Tins

Alle herwinbare produkte moet self skoon en gesorteer wees.
All recycled products must be cleaned and sorted.

WIRELESS & FIBRE
INTERNET SERVICE PROVIDER

TEL: 010 132 9004
MAIL: INFO@JUMBOTECH.CO.ZA

JUMBO TECHNOLOGIES